die VOLKSBRANDWAG

Volume 1, Uitgawe 2 Maart 2005

Ons eie kampblad!

Wie het dit nou ooit kon dink!? Ons eerste kampblad is reeds by julle en hier volg die tweede! Ons sal graag wil weet wat julle daarvan dink en ook bydraes van julle kant af wil hê. Enige iets wat jy van die kamp onthou of iets wat jy by die huis gelees of gehoor het sal welkom wees, ook prentjies, gediggies, grappies ensovoorts. *Die Volksbrandwag* word elke 2 maande gratis gestuur aan almal wat die kampe bywoon maar ander belangstellendes kan dit ook ontvang deur die sekretaresse te kontak. Daar sal dan 'n bedraggie betaalbaar wees om onkostes te dek.

OFFISIERSKAMP:
Vir almal wat 18 - 30 is. (As u ouer is en nog baie fiks en gesond is u ook welkom) Uit hierdie kamp word die offisiere gekies wat op die oorlewingskampe kan help. Dit vind plaas op 'n Kampeerterrein naby Pretoria en is dus beter bereikbaar vir die mense in die

Sentraal– Transvaal gebied. Koste beloop R200/persoon vir 4 dae. Bring slegs jou eie tent, beddegoed en eetgerei. Die program behels die volgende:

* Geestelike weerbaarheid
* Fisiese weerbaarheid
* Paradewerk
* Spoorsny
* Huisveiligheid
* Touknoopwerk
* Rugsakpak
* Water
* Sterrekunde

As u belangstel kan u die nommers skakel wat op die agterkant van die koerantjie is en ons sal vir u 'n volledige lys van benodighede en ook 'n padkaart verskaf. Dan is daar weer ons Winterkamp! op Alma vanaf (Maandag) **27 Junie** tot (Saterdag) **2 Julie.**

Bespreek Nou!

Koste is steeds R150 per persoon en sluit alle etes in.Vir volledige besonderhede kontak Rencia by 014 721 0007.

Sien jou daar!

- Suster Ina -

Transvaalse Volkslied

Kent gij dat volk vol heldenmoed en tog so lank geknegt het heeft geofferd goed en bloed voor vryheid en voor regt.

Komt burgers laat de vlaggen wappren ons lyden is voorby

Roemt in de segen ons se dappren dat vrye volk syn wij, dat vrye volk, dat vrye volk, dat vrye, vrye volk syn wij.

Raai,Raai, Riepa?
Tragedie, blyspel en heldedaad,
Baie planne en wyse raad;
Baie dele maak 'n hele,
Soms dun, soms dik
Een geheel, baie oulik

SKOK

Skok kan die dood tot gevolg hê!

Simptome:

* Pasiënt is onrustig
* Vel: koud, klam, bleek en blouerig
* Oë: dof, uitdrukkingloos, pupille groot
* Pols: vinnig, swak, onreëlmatig.
* Asemhaling: vlak, vinnig.
* Braking kan voorkom
* Pasiënt kry koud en bewe

Noodhulp

Behandeling:

* Stelp bloeding
* As moontlik laat lê op rug met voete 15cm gelig.
* Kalmeer pasiënt
* Maak toe met kombers as koud kry.
* Kyk, Luister en Voel

Huisveiligheid

- W vd Grijp -

Dit is opvallend dat mense met min of geen struktuurlike beveiliging nie, baie meer waaksaam is as die wat dit wel het. Ek weet van talle gevalle waar die boosdoener by woonhuise met nie eens diefwering nie, deur die inwoners verras is, terwyl mense wat die mees modernste beveiligings- en waarskuwings toerusting denkbaar aangebring het in hul slaap vermoor is.

Huisveiligheid beteken dus dat te alle tye waaksaam opgetree moet word. Dit beteken dat elke lid van 'n gesin of inwoner van 'n huis of enige ander woning geleer moet word om sekere optredes as daaglikse roetine toe te pas. Die volgende is enkele uitreksels uit die lesing wat aangebied is oor reëls wat nagevolg moet word:

1. Groot honde moet geleer word dat hulle gebied nie net buite om die huis is nie, maar ook binne die huis. Hulle moet tenminste twee keer per dag toegelaat word om deur die huis te beweeg en dat dit nie 'n oortreding is nie. Indien dit moontlik is moet 'n hond se eetplek iewers in die huis wees. 'n Hond is 'n grotdier wat bedags jag en snags slaap. Sulke diere beskerm instinktief snags die gebied tussen sy slaapplek en kos.
2. Wanneer weg van die huis, al was dit vir 'n paar minute, en teruggekeer word, moet na die optredes van honde gekyk word. By die geringste afwyking van die normale moet besef word dat alles nie pluis is nie.
3. Wanneer die huis binnegegaan gaan word moet die deur oopgestoot word en die honde eers toegelaat word om vooruit te gaan. As daar vreemdeling in die huis is sal die honde jou waarsku.
4. Voordat met die gewone in die huis aangegaan word al sou die honde nie onraad laat blyk het nie, moet die huis eers deursoek word, kamer vir kamer ook die hangkaste en onder die beddens en agter deure. Hierdie prosedure moet nie net gevolg word wanneer weg was en tuisgekom is nie, maar moet as daaglikse roetine soggens en saans nagevolg word. (Verv)

Corneels

Die Tommies het hom ontwapen, sy perd gevat en met 'n aaklige gerammel het die tronkdeur agter hom toegeklap. Op die tronkwerf het 'n man op sy hurke gesit sonder om op te kyk en alle tekens getoon dat hy iets swaar op sy hart dra. Die verkenner gaan toe langs hom sit en stel homself bekend. "En wie is neef?" "Ek is 'n Kaapse rebel, kommandant Herklaas Viljoen. Ek is tot die dood veroordeel en word Maandagmôre vroeg doodgeskiet." Corneels het eers s`eker gemaak dat niemand hom hoor nie en fluister:" Ek is 'n spioen van Pres. Steyn en gaan my bes doen om jou te red." Viljoen se gesig het opgeflikker en hy smeek:"Ag toe tog, probeer my red!"Daardie nag het die twee gevangenes lank wakker gelê en die volgende dag mekaar moedswillig vermy om nie die wagte agterdogtig te maak nie. Skielik kry Corneels 'n plan en hy stap na die sipier en sê: "Ek het 'n dringende boodskap wat ek persoonlik aan die hoofoffisier moet gee." Hy het hom laat kom en toe hy voor hom staan vra die tolk vir Corneels: "Wat is die dringende boodskap?"Hy slaan toe 'n pap-slap houding aan en sê: "Kyk as julle dink ek is 'n spioen, vat my dan en stuur my weg; hoe verder hoe beter."

Hy kon uit sy vel spring van blydskap toe hy hoor die offisier sê dat hy reken Corneels is maar net 'n eenvoudige Boertjie en kan maar elke dag bietjie uitkom onder toesig van twee soldate.Dit was ook nie lank nie of daar stap hy saam met sy soldate deur die strate van Wepener. Dié twee het hulle hande vol gehad om al sy vrae te beantwoord. Hy wou weet waar elkeen bly en wat elke gebou is tot hy uitgevind het waar die landros se vrou,

mev. Fraser bly. Corneels maak gou 'n plan. "Menere," vra hy ewe bedees, "kan ek nie vir my 'n brood gaan koop nie? My maag skree van die honger." "Ja, " antwoord een van die wagte, "loop gou na daardie winkel." (Hulle was maar te bly om vir 'n oomblik van die Boer ontslae te wees) Corneels het nou sy kans gekry en asof verdwaal stap hy na die landros se deur en klop aan. Die wagte het nogal die grap geniet en gedink die boer is darem erg onnosel. Toe die deur oopgaan staan mev. Fraser vlak voor die verkenner. "Môre tannie, het tannie nie vir my 'n stukkie brood nie?" En toe sy hom binnelaat fluister hy dat hy 'n spioen is en gee die briefie van die President aan haar. Haastig het sy na die spens gesnel vir hom 'n brood gaan haal en hom alles vertel wat hy wou weet. Al kouende is hy terug na die wagte. Sy mond was propvol en die stukke het links en regs gespat soos hy kou. "Menere, so lekker het 'n brood nog nooit vir my gesmaak nie!" Corneels was net in sy skik dat opdrag nommer een uitgevoer was. Die een wag het egter agterdogtig geraak en gaan meld dit toe by die offisier aan. By die offisier aangekom het die twee wagte eers privaat met hom gesels en toe sê die offisier: "Du Preez, jy word daarvan beskuldig dat jy 'n spioen is!" Die verkenner het dit heftig ontken en die offisier het toe sowaar gesê dat hy nog 'n entjie in die dorp mag rondloop! Die wagte was egter maar vies hieroor. Corneels het hard probeer om die wagte se aandag af te trek maar verniet. Die drang om te ontsnap het nou vir hom onkeerbaar geword. Die son het begin sak en die drie was oppad terug tronk toe, toe 'n vriend van die wagte hulle voorkeer."Wat maak julle met die ou, is hy 'n toeris?" skerts hy. Die twee wagte het mekaar in die rede geval soos hulle toe al Corneels se kaskenades vir die vriend vertel. Intussen het Corneels 'n gat in die heining gesien en al nader geskuiwe!

(vervolg)

Veldkuns

- R de Villiers -

Ons het geleer hoe om met 'n kompas te werk maar hoe gemaak as jy nie 'n kompas het nie?:

1. Trek 'n sirkel op die grond, plant 'n stok in die middel van die sirkel. Die skaduwee van die stok val dan op die "6" van 'n denkbeeldige grondhorlosie. Kyk op jou polshorlosie hoe laat dit is en trek 'n lyn tussen jou uurwyser en die "12" van jou grondhorlosie. Die lyn wys Noord. (As dit 9 uur op jou polshorlosie is sal Noord tuusen die "9" en die "12" op jou grondhorlosie wees)



2. Plant 'n stok op 'n oop stuk grond en 'n merker by die eindpunt van die skaduwee wat die stok maak. Los dit so vir 'n uur. Sit nou jou Linkervoet op die merker en jou regtervoet op die nuwe skadueindpunt. Jy kyk Noord.



3. Platkroonbome het die neiging om hulle krone effens Noord te buig vir maksimum liglengte.

4. Rysmierhope se punte wys meestal effens wes van Noord.

5. Die Buffelwewers bou hulle neste aan die Oostekant van bome.

6. Kyk waar kom die son op(oos) en waar gaan hy onder(wes)!

Noodseine

Morsekode is die vernaamste metode om noodseine oor te dra Dit word gedoen deur die uitstuur van kort en lang seine wat met flitsligseine, fluitjies, rook of enige onderskeibare klank gestuur kan word.

Die belangrikste noodseine is:

* SOS . . . _ _ _ . . .
* 6 A's = "ek het 'n boodskap vir jou"
* 4 T's = " ek ontvang jou"
* R = "Roger" = ek het die boodskap ontvang.

Morse-Alfabet

A.	. _	**K.**	_ . _	**X.**	_ . . _
B.	_ . . .	**L.**	. _ . .	**Y.**	_ . _ _
C.	_ . _ .	**M.**	_ _	**Z.**	_ _ . .
D.	_ . .	**N.**	_ .	**1.**	. _ _ _ _
E.	.	**O.**	_ _ _	**2.**	. . _ _ _
F.	. . _ .	**P.**	. _ _ .	**3.**	. . . _ _
G.	_ _ .	**Q.**	_ _ . _	**4.**	. . . . _
H.	. . . .	**R.**	. _ .	**5.**	. . . . .
I.	. .	**S.**	. . .	**6.**	_ . . . .
J.	. _ _ _	**T.**	_	**7.**	_ _ . . .
		U.	. . _	**8.**	_ _ _ . .
		V.	. . .	**9.**	_ _ _ _ .
		W.	. _ _ _	**10.**	_ _ _ _ _

Pak jou Rugsak

- P Grové -

Ons gaan voort met "Ander" voorrade:

* Grondseiltjie(plastiek)
* Sigaretaansteker
* Wapen
* Byltjie/grafie
* Eetgerei
* Areakaarte
* Plastieksakke(deursigtig)
* Naald en gare
* Watersak (seil)
* Tentjie
* Slaapsak
* Ruimtekombers
* Potte
* Vislyn
* Knipmes
* Kerse
* Koperdraad dun (2m)
* Spieël
* Toiletpapier
* Insekweerder
* Kampstofie
* Vergrootglas
* Watersuiweringstablette
* Flits + ekstra batterye
* Beker
* Bord
* Dun kabeldraad
* Laphoed
* Lyfseep (gliserien)
* Slaapmat
* Sonbrandmiddel/Lipsalf
* Klerewasseep
* Rekker (Kettie)

Noodhulp:

* Verbande
* Persoonlike medikasie

(vervolg)

Wat is eie aan ons volk?

- EP de Villiers -

1. Wat is die kenmerke van enige volk?
* Taal
* Kultuur
* Voorkoms
* Land

2. Wat is die kenmerke van ons volk?
* Godsdiens - ons is die enigste volk behalwe die Israeliete wat begin is op 'n Godsdienstige basis
* Ons is die jongste volk in die wêreld.
* Ons volk mog nie bestaan nie:
  - HOIK beveel hier mag geen volksplanting plaasvind nie
  - Engeland probeer ons vernietig dmv.
    - ♦Vermenging
    - ♦Ons taal weg te vat
    - ♦Die Regsstelsel
    - ♦Vernederings

Dit veroorsaak verdeling:

Verset en TREK ← → Buig en VERENGELS

Groot trek was eerste stap om 'n volk te word: Ons bekom 'n eie land!
Ons Grondwet: Ons onderwerp ons aan die Drie-enige God en ons lê ons neer by die gesag van die Bybel soos ons voorouers uit Holland, Frankryk en Duitsland dit verstaan het.
Taal: Hollands (skryf)
Afrikaans (praat)
In die jare van die Groot Trek ontstaan 'n eiesoortige kultuur.
* Hoë morele standaarde en sedelike kode
* Uitermate gasvryheid
* Hoflikheid
* Dapperheid
* Sterk reverdigheidssin
* Sterk drang tot onafhanklikheid
* Swaarkry bring begeerte om naby God te wees
* Individualisme: "Al staan ek alleen ... ek doen wat my gewete voorskryf"
* **Kan nie kruip nie**

Die Gevolg?

Ons lewe is 'n stryd!
* Slagtersnek
* Vegkop
* Bloedrivier
* Vryheidsoorloë

Moes ons alles liewer prysgegee het?

Nee! Ons stry die fisiese sowel as geestelike stryd **teen** die vyand wat ons wil vernietig, **teen** ons eie mense wat wil oorgee en stry met alles wat in ons is **vir** die wat soos ons is!

Veldtoe

Wilde sering*(Burkea Africana)* **:**
Voorkoms:
* Bladwisselende boom met spreidende kroon
* Bas skilfer af en is grysbruin
* Punte van takkies het rooi fluweelagtige hare.
* Blare gesteeld gegroepeer aan die punt van die stingels
* Wit blomme in neerhangende are
* Peule elipties, vierkantig, bruin met eensaad
* Sandveld

Gebruike:
* Bas vir maagpyn, disenterie, longontsteking en 'n pap vir tandpyn.
* Gepoeierde bas vir tropiese abses.
* Daar kom 'n soort eetbare wurm (Cinna forda) op die boom voor.

Raai, Raai:
'n Koerant!

Bespreek By:

Rencia de Villiers
014 721 0007
072 445 4835
Willie van der Grijp
015 307 1614
082 532 9656

Skryf vir ons! →

Volksbrandwag
Posbus 166
Alma
0512

E-pos:fanievorster@telkomsa.net

Offisierskamp:

27 April - 2 Mei (18 - 30)

Oorlewingskampe:

27 Junie - 2 Julie (jeug)

5 - 10 Desember (jeug)

Geskiedeniskampe:

23 - 27 September(alle ouderdomme)